

Heilbron-Suid 90 Hoenderhaan Val Deur Dak

Volgende naweek is dit Blyweesfees - die NG Heilbron-Suid kerk herdenk sy 90ste verjaardag.

Hier volg 'n paar interessante feite wat die kerk aanbetref:

- Geen rokery en konfetti word op die kerkterrein toegelaat nie. Die besluit is geneem deur die kerkraad van 1936 asook 'n besluit op 22 Januarie 1971.

- Die Suid-gemeente van die NG kerk op Heilbron het op 25 September 1929 tot stand gekom en vir die volgende sewe jaar het die gemeente nie sy eie plek van aanbidding gehad nie. Kerkdienste is gehou deur gebruik te maak van die gebou van die Nederduits Hervormde kerk, Heilbron se stadsaal en deur dienste gesamentlik met die NG Moedergemeente aan te bied.

Dit was eers in Junie 1932 dat die kerkraad besluit het om die erwe (die Van Raalteplein) wat hulle "donatio inter vivos" van die munisipaliteit ontvang het te transporteer, sodat hulle vrygestel word van here-regte en erfbelasting. Die voorwaarde was dat dit uitsluitlik vir kerkdoeleindes gebruik mag word!

Daar word dikwels gevra hoekom die kerkgebou van rooibakstene gebou is? Die antwoord lê in die feit dat die wêreld, en dit sluit SA in, daardie tyd deur die droogte van 1933 en die depressie-tydperk gegaan het!

Die kerkraad het die goedkoopste bouders aanvaar en die stene was van



"Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." – Josua 1:9

Vereeniging aangekoop. Dis dié dat daar na die gebou verwys word as die "depressiekerk".

- Een van die interessante "voorvalle" in die kerk se geskiedenis is dat gedurende Oktober 1978 daar 'n reënstorm uitgesak het en die weerhaan van die toring afgeval, die dak bokant die orrel beskadig het en die orrel

waterskade opgedoen het. Die orrel is ten duurste herstel.

Die weerhaan is vandag nog seker een van die min versierings wat op kerkdakke pryk.

Seker daar waar die gesegde vandaan kom van die haan wat nie 'n eier kan lê nie.

Volgende Vrydag word 'n spesiale uitgawe van die Herald uitgegee met gelukwensings en volle besonderhede van die Blyweesfees 2019 wat Vrydag afskop met die konsert optrede van die bekende Du Preez Stoltz in die skoolsaal. Sien Saterdag se program elders in die koerant.

Boer sterf na motor hom tref Vrou verskyn op aanklag van moord

Paul Slabbert (48), is Vrydagaand 16 Augustus 2019 in Klerksdorp oorlede.

Volgens Klerksdorp Rekord het Slabbert se vrou omstreeks middernag Pirate Inn, 'n kuierplek in Klerksdorp, bebloed binnegestorm. Polisie het beslag gelê op video-materiaal van sekuriteitskameras wat die gebeure in die parkeerarea vasgevang het.

Dit vorm nou deel van die ondersoek.

Na wat berig word het Slabbert en sy vrou klaarblyklik rusie gehad in die parkeerterrein waarna sy hom doodgery het. Van die personeel van Pirate Inn sê dit was baie besig en raserig in die kuierplek daarom kon niemand iets van buite hoor nie. Daar is 'n geregtelike ondersoek oopge-

maak om die saak verder te ondersoek.

Slabbert se vrou, Dianne, is Woensdag by haar huis in hegtenis geneem. Sy verskyn vandag in die landdroshof in Klerksdorp op aanklag van moord. Die ondersoek duur steeds voort.

Slabbert se roudiens sal Saterdag 24 Augustus 2019 om 11:00 vanuit die

NG Moedergemeente in Heilbron plaasvind. Ds Braam van Zyl sal die diens waarneem. Paul laat na sy twee kinders uit sy eerste huwelik, Ben (21) en Uzan (18), asook sy moeder Ina, susters Sandra en Arina en 'n broer Jannie, agter.



Paul Slabbert



ULTIMO
AUCTIONEERS

(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS

SATERDAG
31 Augustus om 11:00

VRYDAG
13 September om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand
verkope kontak

WOLTER 084 407 9394
Implemente inskrywings is
ook baie welkom.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



**Vir kraalbesprekings en
inskrywings, skakel:**
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
**"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer
REG gedoen word!"**

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



Fynproewers doen kop- stert-en-tussenin



Op die foto bo: Jessie Groenewald en Driekie en Eugene Flemming.

So met die draai van die seisoen was dit weer tyd vir die Heilbron Fynproewers om te vergader. Op Vrydag 16 Augustus is daar 'n byeenkoms in die Klipkerkie gehou met die tema: Kop-stert-en-tussenin. Lede het die disse self voorberei. Dit is 'n aand wat oor vleis gaan en as mens so na die bedieningstafel gekyk het, het die aand verseker sy naam gestand gedoen! Daar was afval op drie maniere voorberei, beestong, peri-peri hoenderlewers, skilpadjies, wildspastei, skaapsterte en beesstert met stampmielies. 'n Groentegereg en

gestoofde perskes het tweede gestaan op die tafel gevolg deur 'n noedelslaai en 'n biltong, vye en mozzarella kaasslaai. 'n Ete word mos ordentlik afgerond met nageregte soos souskluitjies, lentepoeding, kersie-likeur nagereg en “mincemeat pies” (vrugteterjies). Eugene en Driekie Flemming is as lede ingehuldig en daar word uitgesien om in die toekoms lekker saam te eet en te kuier. Na afloop van die feesmaal is daar koffie bedien. Almal sien uit om mekaar weer by die jaarlikse Kersete, vroeg in November, te sien.

Welkom by die Herald-span



Die Heilbron Herald spog met 'n nuwe joernalis, bemarker en grafiese ontwerper wat amptelik op 19 Augustus 2019 begin het.

Die vriendelike gesig is nie nuut in die dorp nie, maar 'n oudinwoner en -leerder van Hoërskool Heilbron. Silma Erasmus is gereed om die nuwe uitdagings aan te pak en kan

nie wag vir wat die Heilbron Herald vorentoe vir haar inhou nie. Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant, en stuur jou nuus of groot mylpale na herald-nuus@heilbron.co.za. Indien jy 'n advertensie wil plaas, kontak gerus vir Silma by 083 363 6553 of die kantoor by 058 852 3033. Ons hoor graag van jou!

Gemeenskap hou aan gee vir Kyra

Op net vyf maande is 'n pragtige dogtertjie gediagnoseer met Neuroblastoma fase vier kanker. Die lewe wat sy ken bestaan uit konstante hospitale, dokters, verpleegsters, toetse, teaters en pyn. Party dae lê sy net om haar energie te herwin sodat sy die volgende dag weer kan

opstaan - nie net vir haarself nie, maar vir die geliefdes rondom haar. Kyra Burger is nou 'n vriendelike tweejarige dogtertjie. Op Dinsdag 20 Augustus 2019 is daar tydens die Santa X-Clusive veiling, gehou deur Vleissentraal, 'n vers opgeveil ten bate van Kyra. 'n Vers is deur die Hobson familie

geskenk om op te veil vir fondse, en is telkemale verkoop, teruggegee, en weer verkoop om ekstra finansies in te samel.

Op die ou end is 'n stewige bedrag van R110 000 ingesamel deur die verkoop van die vers. 'n Verdere R3000 is ingesamel deur mense wat bygedra het deur geld in 'n

houer te gooi. Daar is steeds sprake van nog donasies vir Kyra, wat ook die opwinning van die dag bygewoon het. Dit was 'n belewenis om hierdie mooi gebaar te beleef. Daar is groot dankbaarheid teenoor elkeen wat bygedra het tot die sukses van die insameling.



Op die foto is Nicolene, Tannie Elaine, Oom Pip en Howard Hobson



Op die foto Kyra Burger



Op die foto bo die opgeveilde vers

MISDAADverslag - Heilbron

'n Inwoner van die gemeenskap het op Dinsdag, 20 Augustus, verdagte persone in die dorp gewaar. Die verdagtes was besig om gesteelde eiendom te verkoop. Die inwoner het vermoed dat dit gesteelde goedere is en het dadelik met die polisie in kontak getree. Die polisie het ondersoek ingestel en die verdagte opgespoor en gearresteer. Op die foto onder is van die gesteelde hardeware wat teruggevind is. Kontak gerus Heilbron polisie indien die eiendom aan jou behoort.

Die afgelope twee weke het voorvalle plaasgevind waar selfoontorings geteiken word. Diewe slaan nou toe deur batterye

van selfoontorings te steel. Twee batterye is reeds gesteel. Inwoners word gevra om verdagte persone en voertuie aan te meld.

Op 17 Augustus het 'n tref en trap voorval op die Petrus Steyn pad plaasgevind. Ongeveer 19:25 is 'n inwoner van die omgewing vermoedelik deur 'n BMW dood gery. Die inwoner (48), voorheen afkomstig van Sebokeng, was werksaam en woonagtig op 'n plaas in die Heilbron distrik. Tydens die voorval was hy oppad terug plaas toe. Enige inligting wat kan lei tot die opsporing van die voertuig se bestuurder kan aan die polisie gerapporteer word.



Raak deel van oplossings, vra Wilken by VL kongres

• *Vrystaat Landbou*

Raak betrokke en vat hande om die uitdagings die hoof te bied. Dit was Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou (VL), se pleidooi aan landbouers en die sektor by VL se jaarkongres van 2019.

“As ons in landbou nie besef ons moet saamstaan nie, wag daar vir ons 'n helse verrassing,” het hy gesê. “Gaan ons terugsit en hoop iemand gaan probleme namens ons aanspreek of gaan ons konstruktief deel raak van moontlike oplossings?”

Wilken het 'n beroep op landbouers gedoen om na te dink oor wat hul rol in georganiseerde landbou is. VL se jaarkongres, wat op 7 en 8 Augustus 2019 in Bloemfontein plaasgevind het, se tema was "Wat is my rol as lid van Vrystaat Landbou?"

“Hoe posisioneer ek myself om te oorleef, voort te gaan en 'n sukses te wees? Wat gaan ek doen?,” het Wilken gevra. “Ek hoor heeldag: Wat gaan julle (VL) nou doen? Wat sê julle? Ek hoor bitter selde: Wat moet ons nou doen? Wat kan ons nou doen om sake om te draai?”

Hy het landbouers aangemoedig om geleenthede te soek, hul gemeenskappe te help ontwikkel en druk op die regering te sit om dienslewering te verbeter.

Uitdagings

Volgens Wilken is landbou se grootste

uitdagings eiendomsreg, onteiening sonder vergoeding (OSV), grondhervorming, veiligheid en die ekonomie.

Hy meen “feitlik alle grondhervormingsprojekte van die regering het misluk” en dat landbouers, landboubesighede en organisasies verskeie suksesstories daarvoor het, maar dit min aandag geniet.

Gronddebat

Prof Danie Brand, Direkteur van die Sentrum vir Menseregte by die Universiteit van die Vrystaat, en dr Frans Cronje, Hoof Uitvoerende Beampte van die Instituut vir Rasseverhoudinge, was die kongressprekers. Hulle het die gronddebat en OSV aangespreek.

Brand meen die grondwet gaan wel gewysig word. “Die vraag is eerder hoe dit gewysig gaan word,” het hy gesê.

Volgens hom is daar egter steeds redes waarom 'n mens hieroor kan kalm bly. Brand het gesê dit gaan nog lank neem vir enige regsverandering om plaas te vind en dat 'n grondwetwysiging in werklikheid nie 'n verandering in die regsposisie van eiendomsreg gaan maak nie.

Cronje is bevrees dat indien OSV nie getroef word nie, die land tot 'n toekoms van mislukking, armoede en chaos gedoem is.

Volgens hom is dit moontlik om dit te keer, mits sekere stappe gevolg en strategies te werk gegaan word. Hy het gesê dit is belangrik om jou analyse reg kry en ingelig te

wees, om te organiseer, lyne in die sand te trek en te weet waarvoor jy staan, jou mandaat aktief te verdedig en druk op 'n ordelike manier toe te pas.

Cronje het gesê niemand gaan egter

namens landbouers veg nie. “Die enigste mense wat julle hieruit kan kry, is juisself. Dit is julle organisasie (VL) en julle bepaal wat daarin gebeur. Dit is 'n speël en weer-speëling van jou.”



Verskeie bekendes was teenwoordig en het belangrike landboukwessies by Vrystaat Landbou (VL) se jaarkongres in Bloemfontein bespreek. Van links is prof Danie Brand, Direkteur van die Sentrum vir Menseregte by die Universiteit van die Vrystaat, Dan Kriek, President van Agri SA, Francois Wilken, President van VL, en dr Frans Cronje, Hoof Uitvoerende Beampte van die Instituut vir Rasseverhoudinge. Foto: Frikkie Kapp

NG KERK HEILBRON-SUID

BLYWEESEFEES

op Saterdag 31 AUGUSTUS

vanaf 08:00 tot laat

Spotgoedkoop!

MAALVLEIS	@R60/kg
BOEREWORS	@R75/kg
RUMP	@R85/kg
T-BENE	@R80/kg
FILLET	@R110/kg
BILTONG	@R180/kg
DROËWORS	@R180/kg
SOSATIES	@R75 vir 5

EETGOED TE KUS EN TE KEUR....

- Pannekoek
- Worsbroodjies
- Vetkoek
- Regte, egte hasaarpoeiding
- Gebak wat jou mond sal laat water
- Stomende hoeretroues
- Spesiale roomystafel

Wit olifante & interessante tafel met Dittjies en Datjies

Pret Fietsrit

Ons spring weg om 7:30

30km roete teen R100 | 10km roete teen R50

deur die pragtige Vrystaatse grasvelde!

Navrae
Alwico Lesch
074 231 7506

SPELETJIES VIR DIE JONGSPAN TERWYL PA EN MA FIETSKY

Gesigverf Kettieskiet Boeresport Springkasteel Bokdrolspoeg

ALMAL VAN SPEENVOUD TOT STOKOUD WORD GENOOT NA HIERDE OPWINDENDE DAG



Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou (VL), het landbouers by VL se jaarkongres aangemoedig om deel te neem aan georganiseerde landbou en elkeen hul kant te bring. Foto: Frikkie Kapp

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.

OPRUIMINGSVEILING

namens HF Enslin (Cois) op Donderdag 29 Augustus 2019, 11:00 op die plaas Varkfontein, Petrus Steyn

PLAAS TE HUIR:

Verskeie plaas beskikbaar wat insluit:
Besproeiingsgeleenthede vir 32ha onder spilpunt, heefwat lande wat 6 jaar reeds onder geïrrigasie is, asook wêlding. Gelyk slegs 4-8km Noord en Wes van graanalo.
Produksie wat herbeiwingslandbou wil toepas, sal voorkeur kry.

TREKKERS

JD 8550 (geen papiere)
JD 4850 MFWD (breë Trellisborghande, powershift ratkas, geen papiere)
JD 4840 STD (powershift ratkas)
JD 4440 STD (geen papiere)
JD 4238 STD
JD 6400 MFWD
JD 6400 MFWD
2 x JD 3350 MFWD (enjin pas oorgedoen)
JD 2651 MFWD
JD 2351 MFWD (geen papiere)
NH TM150 (supersteer, powershift ratkas)
Landini 7900 (hoë vrywielruimte)
Landini 8500 MFWD
McCormick 115C MFWD
Ford 7600 STD

AARTAPPELTOERUSTING

Spaldings uitheier (1.5m)
2 Dornas dubbelry planters
Volledige was, sorteer en laai eenheid (verwerkings aartappels)
1.8m Operier met kunsmisbak
PTD aangedrewe laaibank
2-ton Vurkhyser (petrol enjin)

VOERTUIG

2006 en 1997 Toyota Land Cruisers (veertrale se canopy opasioneel)
2005 Ford Ranger 4x4 Super Cab 2.5 STD (canopy opasioneel)
1993 Volkswagen Fox motor
2007 Yamaha Rhino side by side 660cc - geen papiere
1993 Gypsy Caravelle 5 karavaan (daksel kort aandag)
2007 en 2008 Tata Telcoline vakkantbakke (onklaar)
4 Canopies (1 Land Cruiser, 2 Hilux LWB, 1 Ranger Super Cab)

NAVRAE: David Gerber - 082 489 7424
PJ Muller - 060 966 9340

GRONDWERKING IMPEMENTE

8-tand latu grondbroer met roller
7-tand Rovic Super 18 met rollers
7-tand "On land" balkploeg
4- en 5-akker Staalloringploeg
3-akker Raamploeg
8-tand Solimaster swaardiers belteploeg
4m Alfa-Omega kontrasty eg
Vetsak eenrigting
Rolleger
16-tand Kongskilde Vibrollex
4m Vetsak 3-punt tandem

VRAGMOTORE

MIS 1617 vragmotor (massakante, veertrale)
Henred Freshauf kalfie, 4m
Izuzu TXD 7-ton (massakante, veertrale)

GRONDWERKE

JCB 11B (alles werk, geen papiere)
Gallion G120 padskroper
(enjin oorgedoen, geen papiere)
Rovic trekkeerlaaggraaf
1.6m Stoodem (pas voor op trekker)

PLANTERS

2013 Apache 27 990+ no-till planter
(16-ry, 52mm - alle ekstra's)
2015 MF 555 veelsydige no-till planter
(8-ry, 75cm swaardiers no-till kit, monitor, squeezerpompe, bakke met 3 uitrolters vir kalkkorrels, kunsmis, alle grootte cover crop saad-300ha geplant)
2016 Pikel 3-punt dekwas planter (12-ry)
JD 7600 planter (4-ry, 3vt)

ALLERLEI

13 Messiebakke • 6-ton Vetsak tapkar • 1.5m Vetsak enjer • Rolaf (sojaboonsaad) • 2 Awegere • Swaar sojaboon landroller (4m)
2 x Kragepsekkers • 14000L Dieseltank met elektriese pomp • 600L vuurvegter (2 spuite) • PTO aangedrewe houtsaag
MF 3-punt grondbroer • 38 Verskillende tipe tanks (250-10000L, kunsmis en water • 1000L Flow bars) • Kompressor
± 80 x 6m dik gepolide sinkplate • Van Zyl's aspekt • Aantal los kunsmisbakke en JD gifbakke • KSB pomp
Verskeie beeshanteringsroosting (laaibank op wies, koplamp, skaal, verskuifbare kraal, 22 bakke (2m lank, 1.6m hoog)
2 x 3-fase groot elektriese motore. Nog vele meer!

DESTERUOSTING

2006 JD 9470 STS stroper (8325 Eu 3900 Ru)
2014 JD 625 Flexitafel
Low 250t AMS windreel
JD mislapplykkerkop (8-ry, 75cm)
6.7m Case sonneblomstel op tafelaar
Clayson 8050, Clayson 1545 (geen papiere)
5.2m tafel met sonneblomstel op tafelaar
4.6m tafel op tafelaar

SLEEPWAENS

8 x Platbakkeleppwaens (6-13ton, 3 geen papiere)
2 x 1000L dieseltank

SPUITTOERUSTING

2013 JD 4638 "wide" spuit (2035 Eu-24m balk)
Degantia kousbalk trekkersspuit (blower los)

STROOERS

Rovic 3-ton kalkstrooier (Belt - kontakdryf)
Vetsak 3-punt strooier

ROETER

Versa Petrus Steyn: 20km op Heilbron boerplaas
Versa Heilbron: 50km op Petrus Steyn boerplaas

OM KIND TE WEES



Jy moet glo soos 'n kind.
Ek is nie 'n teoloog nie, alhoewel dit een van my begeertes is om teologie te bestudeer. En in hierdie geval is ek geoorloof om te begeer, want die Tien Gebooe is duidelik: jy mag nie 'n ander man se goed begeer nie. Ek dink nie hierdie teologiese kennis wat ek begeer, behoort aan iemand anders nie.

Nietemin: om soos 'n kind te glo, staan nie in my Bybel nie. Daar is wel verwysings na iets soos: “Laat die kindertjies na My toe kom” in Lukas 18. In Matteus 18 is daar ook vermelding na kinders: “Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan en gesê: “Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.””

EK DINK DIT IS DIE KOMBINASIE VAN HIERDIE TWEE TEKSTE WAT DIE IDEE LAAT POSVAT OM TE “GLO SOOS 'N KIND.”

Ek het Sondag na iemand geluister wat Matteus se teks gebruik het om te demonstreer hoe ons, as grootmense, soos kinders moet word. Nie noodwendig soos hulle te moet glo nie, maar om 'n paar lesse daaruit te vat en daaruit te leer.

Ek glo dit sal my geoorloof wees om met die prediker se osse te ploeg, want vir die eerste keer in 'n lang tyd het ek nabetragting gehou oor 'n boodskap wat diep in my binnestee gaan lê het.

Gun my die sedeprekie, dalk leer jy ook hieruit.

Soos wat ons ouer word, het ons meer beskermingsmeganismes om ons teen die aanslae van buite te beskerm. Nie net teen die fisiese aanslae nie, maar ook teen diegene wat ons op ander gebiede wil takel. Ons het nie meer die kinderlike onskuld en vryheid nie, omdat ons sò vrek seergekry het. Dis hoekom ons ondeurdringbare mure rondom ons bou.

Kinders is afhanklik. Ouers is vir die meeste kinders die enigste bron van sekuriteit. Hulle vertrou absoluut op dié persoon vir kos, klere, blyplek, liefde, omgee. Kortom: vir bykans enige iets. Hulle glo, wanneer ouers sê dat hulle dit of dat gaan doen, dat hulle dit werklik sal doen en dat dit nie net lêe woorde is nie. Ons mense is ook: ons is afhanklik van ons Skepper, want alles wat ons is en wat ons het word elke dag vir ons gegee sonder dat ons daarvoor hoef te vra of te smek.

Kinders is in verwondering. Oor bykans alles. My broer se kleinseun kan vir ure met sy klein handjie in die spuitfontein woel. Hy sal weer en weer teruggaan en gaan kyk of die water nog met 'n boog spuit. Hy sal in modder speel asof dit die eerste keer is. Hy sal oor en oor aan jou hare vat of aan 'n nuwe tekstuur voel. Wanneer laas het jy jou oor 'n klein dingetjie verstom? Deur jou daaraan te verkyk of om daaraan te voel en om heeltemal

gemesmerise te raak daardeur?

Kinders is dankbaar. Hulle sê dalk nie altyd nie (tot jou vernedering), maar begroet onverwagte persentjies met 'n groot glimlag en 'n hart vol lekerte. Hulle koester die kleinste geskenkie. Moontlik net totdat hulle aandag weer afgelei word, maar nogtans. Is jy steeds dankbaar oor die klein goedjies? Die dinge wat geld nie kan koop nie en wat ons so as vanselfsprekend aanvaar?

KINDERS VERGEWE EN VERGEET. Onvoorwaardelik. Hulle koester nie wrokke nie en sal nie terugverwys na slegte insidente of diegene naby hulle wantrou nie. Hulle sal iemand wie hulle kwaad aangedoen het, weer en weer naby aan hulle vertrou, want hulle herroep nie die kwaad nie. Dis minder as wat ons as grootmense kan sê. Ons word bitter en kwaad. Hulle nie: hulle vergewe vinnig en vir ewig. Dink gou terug: wie het jy nog nie vergewe nie, of vir wie vertrou jy nie? Omdat iemand jou vertrou geskok het. Is dit nie maar tyd om te laat gaan nie?

Kinders is vreesloos. Hulle reik uit na ieder en 'n elk sonder om twee keer te dink. Hulle dons in 'n situasie in: van 'n gesprek tussen mense tot binne-in 'n hoë boom. Hulle dink nie eers twee keer daaroor nie. Ons is bang. Ons mense is baie bang. Want ons oordink en hou aan totdat ons instorm en iets doen wat ons nog altyd graag sou wou doen.

KINDERS IS SOOS SPONSE EN SUIG INLIGTING OP. Goeie en slegte inligting, ongelukkig. Hulle vra vrae en is glad nie bang vir die antwoorde nie. Hulle wil meer en meer weet en gee nie om wie hulle met hulle vrae irriteer nie. Hulle weet nie dat hulle nie pla nie. Dit maak nie vir hulle saak nie. Hulle vra en vra en vra. Dalk het ons bang geraak om vir inligting te vra, want dit is makliker om dit op die internet te gaan soek. Sodoende gaan niemand vir jou lag indien jy nie die antwoord ken nie, niemand gaan dink jy is onnosel nie.

Die belangrikste deel is dat hulle speel en rus. Hulle speel met glimlagte, die hele lyfie is vol blydschap sonder een stukkie bekommernis. En wanneer hulle moeg is, gaan hulle slaap, al vat dit partykeer 'n ewigheid om hulle tot daar te kry. Hulle speel met oorgawe en rus met oorgawe. Ons werk en werk en werk. Maar wanneer rus ons?

Rus is nie net om laat te slaap nie. Dit is nie net om gou vir 'n naweek see toe te gaan nie of om te gaan kamp nie.

EK DINK RUS IS IETS BAIE DIEPER: om te weet dat Iemand jou in Sy arms het, dat Hy jou sag sal neersit wanneer jy wil val.

Iemand wat jou weer soos 'n sorgelose kind sal laat voel.

Kindwees het nog nooit vir my soveel betekenis gehad nie.

KERKNUUS



NG MOEDERGEMEENTE
Sondag: 09:30 Voorbereidingsdiens
Sin Kol: Beursfonds vir Teologiese Studie
10:45 Kerkraadsvergadering / Teebeurt: D4, D6, P8, P9
Blok 2

NG SUID
Sondag: 09:30 Kinderdiens
Sin Kol: Fonds vir Bybelgenootskap SA
Kategorie

GEREFORMEERDE KERK
Sondae: 09:30 Nagmaal
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategorie 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72
Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens (Heilbron) - Nagmaal
VBO Toets / Liefdesmaal Groep 4

METHODIST CHURCH
Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA
Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE
Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. Geref. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)
Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens / **Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur **Woensdag:** Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand **Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE
Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE
Dinsdae: 17:00 Jeugdiente & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 / Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF
Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/ booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).



GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening

Dinsdag
09:00 Bloeddrukke

Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg

Donderdag
10:00 Sosiale program

Vrydag
09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Dienssentrum
Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272
Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim

DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)

WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.

DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

RIEMLAND MUSEUM TYE
VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576



Die rus ingegeaan

† Geliefde tannie Debbie Müller is op 20 Augustus 2019 oorlede. Die teraardebestelling van tannie Debbie vind plaas om 10:00 op Vegkop Fees-terrein op 24 Augustus 2019. Die diens volg om 11:00 en word waargeneem deur Ds. Tommie van Vuuren. Tannie Debbie laat 'n lêe plek agter in haar familie en vriende se harte.



GEKLASSIFISEERD

Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,

Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140

www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELING

Vr 23 Aug.	3 / 25	Sonnig
Sa 24 Aug.	3 / 26	Sonnig
So 25 Aug.	6 / 26	Sonnig
Ma 26 Aug.	5 / 27	Sonnig
Di 27 Aug.	7 / 27	Sonnig
Wo 28 Aug.	8 / 27	Sonnig
Do 29 Aug.	7 / 25	Gedeeltelik bewolk
Vr 30 Aug.	11 / 27	Bewolk
Sa 31 Aug.	11 / 27	Sonnig
So 1 Sept.	11 / 28	Sonnig
Ma 2 Sept.	11 / 28	Sonnig

KENNISGEWING

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van wyle **SUSARAH DOROTHEA JOHANNA VOSLOO**, Identiteitsnommer: 350525 0007 080 van Huis Bron-van-Heil wie oorlede is op 14 Mei 2019.

Weduwee

BOEDELNOMMER: 004292/2019

Alle persone wat vordering teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vordering binne 30 (dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.

PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING

ELSSTRAAT 47

POSBUS 58

HEILBRON, 9650

VERW: PPvdM/be

TEL: 058 852 2041

E-POS: merlex@phillaw.co.za

DIENTE

BAAL VAN OESRESTE

Baal van mielie-reste of bone. Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.

Kontak Jaco Meiring
082 851 6158
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelensisierde kroeg beskikbaar. **Bespreek by Magda Bierman** 083 292 1503

BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON

PLEK: N.G Kerksaal (Suid)

- 19 Sept. 2019
- (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vaksiedag en langnaweek).
- 26 November 2019

HOUTWERK

Vir alle herstelwerk en maak van houtmeubels.

Kontak Morné Naude
084 890 9366
Sampie Fronemanstr. 10 Heilbron
K1684

GRAVERING

Alle skool graving asseblief voor einde Oktober 2019. Ons sluit vanaf November 2019 tot Januarie 2020. **Skakel Derdré** 082 478 3566 Heilbron
K1682

HUIS TE KOOP

3 Slaapkamerhuis met 2 slaapkamer woonstel, Dubbel erf en 2 boorgate. Raubenheimerstraat 87 Heilbron. **Kontak 082 044 7800** of 076 451 6909 na 17:00 Heilbron **GEEN AGENTE ASB.** K1689

HONDJIES TE KOOP

Duitse Herdershondjies, 5 Reuntjies, ingeënt & ontworm. Beide ouers geregistreer. Baie mooi. **Kontak Issie** 082 683 9353 Heilbron
K

TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak **Jolandri 079 846 1075** Heilbron

HOU HEILBRON SKOON

Spertyd vir koerant is Woensdae om 10:00.

Vir enige advertensies en artikels kontak gerus vir Silma by 083 363 6553 of kantoor-ure by Tel: 058-852 3033.

SKOOL TERMYNE

- Sluit 20 Sept. • Open 1 Okt
- Sluit 4 Desember

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Oir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

TE KOOP

AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers. **Kontak Jannie Bornman** 072 287 4111 • Heilbron

GIG Technologies

Fast, Reliable Wireless Internet Now Available! From R299.00 p/m

012 361 4800

HOËRSKOOL HEILBRON KWARTAALPROGRAM - 3

AUGUSTUS

27 Augustus: o/13 krieket teen Leeuwspruit (Weg)
28 Augustus: Sekondêre krieket teen Sed hub (Weg)
29 Augustus: o/11 krieket teen Leeuwspruit (Weg)

SEPTEMBER

4 September: Sekondêre krieket teen Vanderbijlpark (Tuis)
10 September: Formele Toetsreeks begin
11 September: Sekondêre krieket teen Vaal High (Tuis)
13 September: Danskonsert
19 September: Matriekafskeid
20 September: Skool Sluit

		9			5		
				3		9	4
3	1	6		4			
		7		9		2	8
6		1		8	4	7	
	7				5		6
	2		7				
1		5					

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Stand out from the rest of the crowd!

R160 incl.

Get your own green & gold in-store

Sweaters now available

058 852 3033

44 Els street, Heilbron

SPRINGBOK

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

SKOLENuus

Waarderingsweek by Hoërskool Heilbron

Gedurende verlede week se Onniewaarderingsweek by Hoërskool Heilbron het die skool se Facebook-blad gegons van elke dag se gebeurtenisse. Heilbron Herald het in laas-week se koerant berig oor hoe die week verloop het. Daar was ook foto’s geplaas oor hoe kreatief die leerders aangetrek het. Deur die loop van die week is die leerders dopgehou om wenners te kies en hulle is Vrydag

aangekondig. Die keuses was maar moeilik - die leerders het uitgehaal en behoorlik gewys wat in hulle steek. Op die foto’s onder verskyn die wenners wat aangewys is. 'n Foto voorbeeld van die kategorie waarin hulle deelgeneem het verskyn links van die wenfoto. Die leerders het baie moeite gedurende die week gedoen en die Bronnie Onnies waardeur dit opreg.



Christine Hendriks



Juf Saret Viljoen en Christine Hendriks



Tersius Roux



Tersius Roux en Peter Smith



Rata Monyai



Juf Magda Kruger en Rata Monyai



Juf Tanya van Rooyen



Juf Tanya van Rooyen en haar groep "look-alikes"



Francois Els



Francois Els en Mnr Peter Smith



DJ Steyn



DJ Steyn en Juf Marina van Zyl



Mnr Johnny van der Merwe



Mnr Johnny van der Merwe en Jané Jv Rensburg

Rugby seisoen afgesluit met dinee



Die eerste rugbyspan van Hoërskool Heilbron het verlede Vrydagaand, 16 Augustus, hul seisoen afgestuit met die jaarlikse Rugbydinee en 'n heerlike spitbraai. Die rugbyspelers het die aand saam met hulle metgeselle geniet. Op die fotobo verskyn die Wildebeeste en metgeselle. Die seuns, afrigters en ouers wil net graag die volgende instansies bedank vir hul bydraes om van die aand 'n sukses te maak: Senwes Silo, Hinterland, BKB Handelstak Heilbron, VKB Handelstak Heilbron, OK Grocer Heilbron, Buffalo Valley Spur, Kopanang, Lee Meats Company en HBA Abattoir. Foto erkening: André Pretorius Fotografie.

Kristen presteer op sportgebied



Op 21 Julie, 16 en 17 Augustus 2019 het Kristen Müller, 'n leerling van Hoërskool Heilbron haar skool verteenwoordig. Sy het aan die twee interstreek tennis uitdaagtoernooie teen Lejweleputsa (Welkom streek) en Thabo Mofutsanyana (Bethlehem Streek) deelneem. Spelers het elk wedstryde in enkels, dubbels en gemengde dubbels gespeel. Hierdie fikse leerling is ook deel van die Fezile Dabi Landloop span wat op 31 Augustus 2019 gaan deelneem.

Heilbron klop Koppies met 74 lopies



Heilbron het 221 lopies aangeteken en het Koppies uitgeboul vir 147. Speler van die wedstryd is Kamaran met 76 lopies en boulsyfers 3 paaltjies vir 9 lopies van 4 boulbeurte. Die liga begin 12 Oktober 2019 en 4 T20 opwarmwedstryde sal ook gespeel word voor die liga begin.

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae:
07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30
Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.



Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

Tuinbouklub leer oor die snoei van bome

Wanneer vrugtebome gesnoei word, moet drie hoofake behoue bly en die res van die takke skoon gesnoei word. Hou vrugtebome so twee meter in lengte, om die pluk van vrugte te vergemaklik. Snoeiseisoen is gewoonlik vanaf middel Julie tot einde Augustus. Vrugtebome het nie nodig om met Steriseal gesmeer te word, soos wat roosbome vereis nie. Kalkswael of Kumulus word gespuut na snoei van vrugtebome. Om die vrugteboom te beskerm teen vrugtevlieë, moet “Fruit Flies” tydens die vorming van vrugte en 'n maand voor die pluk van vrugte gespuut word - verseker beter

vrugte. Die bekende “oom Sarel” perskeboom is 'n goeie eet, inlê & heerlike variteit om in jou boord te hê. Kraalmis of varkmis is die gewildste bemesting vir vrugtebome anders, eerder 'n organiese kunsmismiddel. Organiese middels het baie meer voedingswaarde en benodig min-der water as chemiese middels. Daar kan drie aspekte wees indien vrugtebome geel word: te min water, te veel water of 'n yster tekort in die grond. Appel, pruim en appelkoosbome word meestal net uitgedun en nie teruggesnoei nie. Daar is na snoei van roosbome ook gekyk. Rose moet in die vorm van

'n koppie gesnoei word - aan die binnekant heeltemal skoon en drie na vier ogies moet op die hoofak agterbly. Na snoeityd moet Steriseal aan punte van die gesnoeide takke gesmeer word om te voorkom dat boorders die tak binnedring.

Rose kan drie maal per jaar gesnoei word Julie of Augustus voor blomtyd, Oktober of

November na blomtyd en Februarie of Maart na die laaste blomtyd. 'n Goeie wenk vir ons Gold Crest konifere, wat Julie of Augustus besmet word met die luisse, is om 'n halwe koppie Jeyes Fluid te meng met tien liter water en konifere daarmee te spuit. Jeyes Fluid beskerm die plant se wortels en kan ten minste vier keer 'n jaar gespuut word.



Op die foto bo Georgina Weiss, Henda van Eeden, Bessie van Zyl, Mari Myburgh en Frikkie Venter (Spreker).

Kleuterkasteel kuier by Dienssentrum



Dis is besig om 'n gewoonte te word vir die kinders van Kleuterkasteel om by Heilbron Dienssentrum te gaan kuier. Hulle word gereeld oorgenooi vir stories, rympies, liedjies, ietsie lekkers om te eet en 'n outydse speedling. Tannie Alberta en Magdaleen het vir die woelwaters 'n oulike rympie geleer. Dit is 'n voorreg vir die lede van die Dienssentrum om die kleuters elke keer te verwelkom.

Op die foto links is tannie Alberta Kühn en Magdaleen van Rensburg. Op die groepsfoto bo verskyn Dienssentrum-lede saam met die Hondjies- en Olifantklas van Kleuterkasteel.

Leersame uitstappie na plaaslike tandarts



Kleuterkasteel was Donderdag 15 Augustus op 'n leersame uitstappie by die plaaslike tandarts, Dr Baan. Dokter Tandarts het die groep kleuters bederf met 'n inkleurprentjie van 'n tand en hulle eie tandeborsel. Na aftoep van die uitstappie was meeste van die kleuters genees van hulle vrees vir die tandarts.

SPORTverslag

Gholfdames nooi spanne uit

Die dameskomitee beplan hard aan volgende naweek se damesdag en hulle gaan dit vir alle spanne lekker maak. Alle spanne kry 'n "goodie bag" vol verrassings. Besighede kan gerus hulle kantoor-dames inskryf vir die dag, dit is 'n ideale geleentheid vir spanbou.

Die BASF Rydercup is reeds in volle swang en hope-lik gaan Heilbron die bordjies hierdie jaar verhang en die koppie huis toe bring, Frankfort was die afgelope twee jaar die wenner en met die tuisbaan-voordeel gaan hulle dit nie maklik vir die besoekers maak nie.

Oos-Vrystaat ligaspan het uitstekend gevaar in die interprovinsiale SLA spelkompetisie. Hulle eindig tweede in die finale rondte wat verlede week op Heron Banks beslis was. Jackie Leonard was deel van die Oos-Vrystaat span.

Vanaand sal daar weer 'n "money draw" trekking wees en die pot staan op R 750. Die klub sal Saterdag gesluit wees, maar die wat graag wil speel is welkom. Die Heilbron Rydercup span is soos volg:

Spankaptein: Julian Bruyns

- Spanbestuurder: Herman Claasen
1. Jackie Leonard
 2. Gerrie Muller
 3. Zagaria Mholo
 4. Eben Stander
 5. John Watson
 6. Riaan Schutte
 7. Julian Bruyns
 8. Edward Muller
 9. Leonard Strydom
 10. Niklaas van der Walt
 11. Edmund Els
 12. Abrie Watson
 13. Dale Basf
 14. Obie Oberhauiser
 15. Johan Nelson
 16. Kobus Weilbach
 17. Wiam Rautenbach
 18. Aubrey Giles
 19. Willem van Schalkwyk
 20. Ben Nel

Jeug leer meer van rolbal

Saterdag was dit vir lede van die Rolbalklub 'n groot voorreg om die sport aan 'n paar van die Hoërskool se leerders te demonstreer. Alhoewel die sport dalk vreemd voorgekom het vir jong rugby- en hokkiespelers, het almal die oggend se skewe rol om reguit te eindig baie geniet.

Daar is groot waardering vir DJ Steyn met hierdie inisiatief, asook die reëlins van die aanbieding.

Die dag is afgesluit met 'n heerlike worsrolletjie-ete geborg deur San-Jo's.

Soos reeds genoem word die laaste borgdag van die huidige seisoen eerskomende Saterdag gehou en Woensdag 28 Augustus word 'n dames-teen-mans mid-dag gehou. Ná die spel gaan die dames deur die mans bederf word met 'n lekker ete om vrouemaand af te sluit, maar ook om dankie te sê vir hulle harde werk gedurende die afgelope seisoen.

Die algemene jaarvergadering vind plaas op Donderdag 12 September.



Op die foto bo Danie du Plessis van San-Jo's wat die verversings geborg het en DJ Steyn wat die dag gereël het.

KRANSFONTEIN Resiesduifklub

Saterdag 17 Augustus was 'n rus naweek vir die duiwe. Daar is wel 'n duiweveilig gehou op Vrydag 16 Augustus te Tweeling. Daar kon duiwe gekoop

word wat eerskomende naweek 24 Augustus vanaf Hanover vlieg en daar is groot kontantpryse te wen.

HEILBRON DUIWEKLUB

Wedvlugte vanaf Hanover was vinnig as gevolg van 'n wind skuins van agter en het hul 'n gemiddelde spoed van 78 kpu gehandhaaf. Die wenduiw het die 540km in ses en 3/4 uur afgelê.

Zenith hokkie is vanjaar kookwater en het albei wed-vlugte gewen.

Die duiweklub se junior Wilné Els begin al beter doen en was 4de en 6de in die junior afdeling in die VPU.

- HANOVER JAAROU**
1. Zenith B, 2. F Viviers, 3. Zenith A, 4. Zenith B, 5. Zenith A, 6. Crause & Seun, 7. Zenith B, 8. Zenith A, 9. Zenith A, 10. Zenith A.
- HANOVER OPE**
1. Zenith B, 2. F Viviers, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5. F Spangenberg, 6. Zenith A, 7. Zenith B, 8. F Viviers, 9. Zenith B, 10. F Spangenberg.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



JAARPROGRAM : 2019		
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING		
DATUM	BESONDERHEDE	TYD
24 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
14 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
23 SEPTEMBER	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	
5 OKTOBER	SKIET OEFENING	09:00
5 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
19 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
8 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
23 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD	

SPERTYD

vir bydraes en advertensies vir die koerant is **WOENSDAG om 10:00.**

Indien u enige nuus het, skakel 058 852 3033

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 26 AUGUSTUS 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSdag - 27 AGUGUSTUS 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maroe 073 949 8786

WOENSDAG - 28 AUGUSTUS 2019
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 082 070 5992
KROONSTAD : NOORD-VRYSTAAT SAVM
SAVM skape
12:00, Kroon-Boma, Kroonstad
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 29 AUGUSTUS 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco Reinecke 079 493 9755
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
PARYD - SASOLBURG : VLENSBURG
47 Simbras en 78 Simmentalers
11:00, Vlenzburg, Parys
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

VRYDAG - 30 AUGUSTUS 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak MJ Lourens 072 515 3549
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

